


# VIR HOM EN HAAR



## BENODIGDHEDE

PINGOUIN Brushed Yarn, 3(4; 4) 50-g-bolle; 1 paar elk 3½-mm- en 4-mm-breinaalde.

## MATE

Borsmaat 61(66; 71) cm; lengte 35,5(39,5; 44,5) cm; mounaat (met mouboordjie omgeslaan) 29(33; 37) cm.

## SPANNING

22 ste en 27 rye = 10 x 10 cm oor patroon op 4,00-mm-breinaalde.

## AFKORTINGS

r — brei regs; aw — brei aweregs; st(e) — steek(steke); herh — herhaal; pat — patroon; gon — garing oor naald; g vt — garing vorentoe; gl — glip; tglo — trek glipsteek oor; tes — tesame; grn — garing rondom naald; beg — begin; vermin — verminder; vermeer — vermeerder; alt — alternatiewe; oorbl — oorblywende; m 1 — tel steek op tussen naalde en werk agter deur steek; rif — riffelsteek; RK — regte kant; r2 tes — brei twee tesame regs; VK — verkeerde kant.

## AGTERPANT

Met 3½-mm-breinaalde stel 72(78; 84) ste op.

**1e Rif-ry:** (RK) r 3(2; 3), (aw 2, r 2) tot einde en eindig met r 3(2; 3).

**2e Rif-ry:** aw 3(2; 3), (r 2, aw 2) tot einde en eindig met aw 3(2; 3).

Herh hierdie 2 rye tot werk 4,5 cm lank is en eindig met 2e rif-ry maar vermeer 1 st aan einde van laaste ry — 73(79; 85) ste.

Slaan oor na 4,00-mm-breinaalde en brei in pat soos volg:

**1e Ry:** (aw 2, gon gl 1, r 1, tglo, r2 tes, g vt, grn) tot einde en eindig laaste herh met g vt, r 1.

**2e Ry:** r 1, (aw 4, r 2) tot einde.

**3e Ry:** (aw 2, r 4) tot einde, en eindig laaste herh met r 5.

**4e Ry:** soos 2e ry.

Hierdie 4 rye vorm pat en word deurgaans herh.

Brei reguit aan tot agterpant 23(25,5 28) cm lank is en eindig met VK-ry.

## Mousgatvorming

Heg 5 ste aan beg van vlge 2 rye af.

Vermin 1 st aan albei kante in vlge en elke daaropvlge alt ry totdat 53(59; 65) ste oorbly.

\*

Brei reguit aan tot agterpant 33(37; 42) cm lank is en eindig met VK-ry.

## Halsvorming

Pat 18(20; 22) ste, draai en laat oorbl ste op 'n reserwenaald.

\*\* Vermin 1 st aan halsrand elke ry totdat 14(16; 18) ste oorbly. \*\*

Brei 1 ry.

## \*\*\* Skouervorming

Heg 7(8; 9) ste aan beg van vlge ry af.

Brei 1 ry. Heg af.\*\*\*

Glip 17(19; 21) ste vanaf reserwenaald op 'n stekehouer. Heg wol vas aan oorbl ste en werk tot einde van ry.

Herh van \*\* tot \*\*. Werk 2 rye om mousgatrand te voltooi.

Herh van \*\*\* tot \*\*\*

## VOORPANT

Soos vir agterpant tot \*

Werk reguit tot voorpant 29(33; 38) cm lank is en eindig met VK-ry.

## Halsvorming

Pat 20(22; 24) ste, draai en laat oorbl ste op 'n reserwenaald.

Herh van \*\* tot \*\* van agterpant.

Brei reguit aan tot voorpant dieselfde lengte as agterpant is tot by skouervorming en eindig op mousgatrand.

## Skouervorming

Herh vanaf \*\*\* tot \*\*\* van agterpant.

Glip 13(15; 17) ste vanaf reserwenaald op 'n stekehouer. Heg wol vas aan oorbl ste en pat tot einde.

Voltooi soos ander kant van hals.

## MOUE

Met 3½-mm-breinaalde stel 40(44; 47) ste op.

**1e Rif-ry:** r 3(3; 2), (aw 2, r 2) tot einde en laaste herh r 3.

**2e Rif-ry:** aw 3 (r 2, aw 2) tot einde en laaste herh aw 3.

Herh hierdie 2 rye totdat mouboordjie 10 cm lank is en eindig met 1e rif-ry.

**Vermeer-ry:** aw 2(2; 4), {m 1, rif 4(4; 3) ste} tot by laaste 6(2; 4) ste, m 1, rif tot einde — 49(55; 61) ste.

Slaan oor na 4,00-mm-breinaalde en werk in pat soos vir agterpant; vermeer 1 st aan albei kante in 9e en elke daaropvlge 10e ry totdat daar 55(59; 67) ste is.

Brei reguit aan tot mou 34,5(38; 42) cm lank is en eindig na 'n VK-ry.

## Moukopvorming

Heg 5 ste aan beg van vlge 2 rye af. Vermin 1 st aan albei kante in vlge en elke vlge alt ry totdat 27 ste oorbly. Brei 1 ry en vermin dan 1 st aan albei kante in elke ry tot 13 ste oorbly. Heg af.

## HALSRAND

Werk regterskouernaat toe. Met RK van werk na voor, heg wol vas en tel op en r 20 ste van linkerrand van hals in voorpant, r oor ste op stekehouer by hals in voorpant, tel op en r 20 ste van regterrand van hals in voorpant, tel op en r 5 ste van regterrand van hals in agterpant, r oor ste op stekehouer by hals in agterpant, tel op en r 5 ste van linkerrand van hals in agterpant — 80(84; 88) ste.

Brei 3,5 cm in rif (r 2, aw 2). Heg af.

## Afwerking

Moenie pangs nie. Werk linkerskouernaat en halsrandnaat toe. Werk moue in posisie vas en werk sy- en mounate toe. Vou mouboordjies om.